**18 ALGERIË** Prys die Here vir ŉ antwoord op gebed nadat die Algeriese regering twee van die ses kerke wat vroeër in Junie toegemaak is, heropen het. Bid vir die heropening van meer kerke en dat die Algeriese Kerk sal aanhou om hierdie golf van druk te weerstaan.

**19 LIBIË** Bid vir beskerming oor die gelowiges van sub-Sahara Afrika wat in Libië leef en werk. Hulle ervaar vervolging beide as gevolg van hul etnisiteit en geloof.

**20 JORDANIË** ŉ Groep Christene beplan ŉ toer na Jordanië hierdie jaar om vlugtelinge in die land te bedien. Bid dat niks in die pad van hierdie toer sal staan nie. Bid ook dat die Here die toer sal gebruik as ŉ bron van hoop vir vlugtelinge in Jordanië.

**21 MIDDE-OOSTE** Een van die grootste uitdagings wat ons vennote in die Midde-Ooste ervaar, is om gekwalifiseerde Christene te vind om deel te wees van die werk wat nodig is vir bediening via sosiale media-platforms. Bid dat ons plaaslike vennote die regte mense sal vind om hulle met hierdie werk te help.

**22 SIRIË** Bid asseblief vir daardie vlugtelinge en ontwortelde mense wat na hul verwoeste, uitgebrande huise en stede teruggekeer het. Bid dat hulle die moed en volharding sal hê om van voor af te begin namate hulle reuse uitdagings ervaar om hul lewens en huise te herbou.

**23 LIBANON** Prys God vir al die geleenthede wat die Kerk kan aangryp om die behoeftiges onder die vlugtelinge in Libanon te dien. Bid dat die leierskap van die Libanese Kerk gehoorsaam sal bly aan Jesus se aansporing om te bedien.

**24 KOEWEIT** In Koeweit ervaar Gelowiges van ŉ Moslemagtergrond alle tipes probleme, soos regsprobleme wat verband hou met persoonlike eiendom. Bid dat God vir hulle sal intree waar hulle Hom in hierdie land dien en dat hulle vas sal staan, ten spyte van die vervolging wat hulle in die gesig staar.

**25 TURKYE** Christene van ŉ Moslemagtergrond ervaar gereeld swaar druk van familie, vriende en hul gemeenskap om terug te keer na Islam, veral namate Turkye meer nasionalisties raak. Bid vir volharding vir hulle en dat hulle in staat sal wees om hul families met genade en baie liefde te bedien.

**26 IRAK** Bid asseblief vir dié verdeelde land – dat die verskeie groepe mense vir eens en vir altyd in staat sal wees om in vrede saam te leef. Bid dat die verkiesing wat ŉ paar maande gelede plaasgevind het, sal lei tot blywende stabiliteit.

**27** Bid vir die kerkleierskap in Irak – mag God vir hulle wysheid gee namate hul kerklede begin om huis toe te keer om te herstel wat oorgebly het van hul tuistes en kerke, na die verwoesting wat deur Islamitiese Staat veroorsaak is.

**28 COLOMBIË** Die hoofagente van Christenvervolging in Colombië is die leiers van kriminele groepe. Bid vir die beskerming van Christene wat in areas woon en bedien waar hierdie kriminele en revolusionêre groepe aktief is.

**29 AZERBEIDJAN** Die invoer van godsdienstige literatuur in Azerbeidjan is ŉ strafbare oortreding. Bid dat God wysheid en veilige toegang sal voorsien om Christelike literatuur tot binne die land te bring, wat Christene sal help groei in hul begrip van die Bybel en die geloof.

**30 AFGANISTAN** Die Islamitiese Republiek van Afganistan laat nie burgers toe om van Islam te bekeer nie. Bid asseblief vir goddelike verandering om in dié land plaas te vind, wat Christene sal toelaat om God meer openlik en met vryheid te aanbid, sonder vrees van vervolging.

**31 BAHREIN** Ten spyte daarvan dat dit ŉ meerderheid Islamitiese land is, is Bahrein redelik verdraagsaam teenoor ander godsdienste. Tog verbied die wet godsdienstige gebruike wat Islamitiese gebruike skend. Plaaslike Christene ervaar daarom verskeie beperkinge. Bid dat God die oë van hierdie land se leiers sal oopmaak sodat ware godsdienstige vryheid sal seëvier.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za
@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



"Daarom, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."
–1 Korintiërs 15:58 (1983 Vertaling)

Oktober 2018



**1 KAZAKSTAN** In Kazakstan, word die wet oor jongmense wat die Evangelie deel nou strenger. Bid dat God vir hierdie jongmense wysheid en leiding sal gee om hul geloof te deel ten spyte van hierdie wetgewing.

**2 TADJIKISTAN** Bid vir Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond, namate die vervolging, spanning en probleme wat hulle in die gesig staar toeneem. Bid vir God se wysheid vir hulle, in hoe om in hul geloof vas te staan en hierdie druk te hanteer.

**3 KIRGISTAN** As ŉ daad van wraak omdat hy Christus volg, is Pastoor Miran* in 2017 valslik van pedofilie beskuldig deur plaaslike Moslemowerhede. Ten spyte daarvan dat hy onskuldig verklaar is, word hy en sy familie steeds deur hul Moslemgemeenskap vervolg. Bid vir die beskerming van pastoor Miran en sy familie, asook vir volharding.

**4 CHINA** Die situasie vir Gelowiges vanuit ŉ Boeddhistiese Agtergrond in China hou aan om te versleg, namate die regering sy beheer op godsdienstige uitdrukking verskerp. Bid vir God om hierdie Christene te versterk te midde van die verskerping van regulasies.

**5** Samuel (vroeë twintigs), ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslemagtergrond, is met stadium-vier kanker gediagnoseer. Verder het sy vrou uitgevind dat sy swanger is. Samuel voel baie moedeloos omdat hulle nie sy mediese behandeling kan bekostig nie en hy voel asof hy ŉ las is vir sy vrou. Bid asseblief vir beide voorsiening en krag vir Samuel en sy vrou.

**6 PAKISTAN** Bid vir die nuwe inname van studente by die *ALIVE* Bybelskool. Hulle het middel-September met hul teologiese studies begin. Bid dat hulle sal weet dat God by hulle is deur die loop van die volgende drie jaar. Mag dit wat hulle leer gebruik word om God se Koninkryk verder uit te bou.

**7 BANGLADESJ** Bid vir Eusuf (21) wat Geopende Deure-opleiding bywoon wat hom help om in sy geloof te groei. Hy vra dat ons sal bid vir God se hulp terwyl hy hierdie opleiding bywoon, en ook vir die saligheid van sy vrou.

**8 BROENEI** Die aantal Christene in Broenei neem baie vinnig af in die aangesig van die intense Islamisering deur die regering… Bid dat God die oorblywende Christene sal toerus om sterk in die geloof te staan – en vir maniere om voort te gaan om hul geloof te deel – ongeag wat gebeur.

**9 GUINEE** Moeder Luupou was op ŉ tyd betrokke by toordery en ander tradisionele gebruike in haar dorpie. ŉ Paar maande gelede, het sy ŉ Christen geword. Sy word nou erg vervolg en is deur haar familie verlaat. Dank die Here dat Hy oor Luupou waak – mag sy aanhou om Sy teenwoordigheid met haar te ervaar.

**10** ŉ Jong bekeerling, John, word deur sy familie en dorpie gedreig oor sy geloof. Bid vir die Here se beskerming oor John. Bid ook dat die Here homself aan die res van John se familie sal openbaar.

**11 MALEISIË** Die hoofsekretaris van die Raad van Kerke in Maleisië het versoek dat die nuwe regering ernstig die kwessies oorweeg wat godsdienstige minderhede affekteer; soos kerke se reg om sendingskole te bedryf. Bid dat die regering sal ag slaan op dié versoeke.

**12 INDONESIË** Islamitiese radikale groepe probeer om verdeeldheid tussen Moslems en Christene in Indonesië te saai. Bid vir godsdienstige leiers, van beide kante, om op te staan en betrokke te raak by inter-godsdienstige gesprekke, om brûe te bou in stede daarvan om vasgevang te raak in die planne van hierdie Islamitiese radikales.

**13 NIGER** Salifou is ŉ Christelike gelowige en afstammeling van ŉ bekende stamhoof. Hy ervaar daaglikse druk van sy familie om terug te keer na Islam… Bid dat, deur sy getuienis en volharding, sy kinders, suster en die res van sy gemeenskap Jesus sal leer ken.

**14 MALI** Dank die Here vir die geloof van Julianna (33) wat geweier het om na Islam te bekeer nadat sy met ŉ Moslemman getrou het. Haar man het haar en hul baba verlaat omdat sy geweier het. Bid dat sy nie sal toegee aan moedeloosheid nie en dat sy sal aanhou om in haar verhouding met Christus te groei.

**15 NIGERIË** Prys die Here vir die voorsiening van traumasorg seminare om dié te help wat deur die geweld van Boko Haram en Moslem Fulani-veewagters geaffekteer is. Bid dat deur hierdie seminare, die Here sal aanhou om die talle vroue en kinders te genees wat hul mans en pa's in die geweld verloor het.



**16 MAROKKO** In Marokko ontmoet plaaslike Christene in huise omdat hulle nie toestemming en amptelike herkenning kan kry om in die openbaar bymekaar te kom nie. Die owerhede monitor hulle ook en hul waag vervolging as hulle evangeliseer. Bid vir wysheid en leiding vir Christene in hierdie land.

**17 TUNISIË** Habiba* is vir minder as ŉ jaar ŉ gelowige. Sy wil haar geloof met haar familie deel, maar is bang. Bid vir God se wysheid en leiding vir haar om uit te reik na haar familie met Jesus Christus.